BEELD 4 PLUS

LIGTE MUSIEK

DINSDAG 5 DESEMBER 2000

MARTJIE ROOS

10 uit 10 vir uitstaande Laurika-album

Hei, mevrou Brown (dit gaan goed) – Laurika Rauch

Laurika Rauch het al ‘n lang pad in die musiekbedryf gestap.

Die deurwinterde sangeres het vir menige jong sanger ‘n rolmodel geword, en om verskeie redes.

Eerstens is sy een van die min plaaslike sangers wat die kuns bemeester het om gesofistikeerde musiek vir ‘n nismark te sing, maar terselfdertyd die musiek ook ‘n kommersiële baadjie te gee.

Dink maar aan nommers soos *Stuur groete aan Mannetjies Roux, Kinders van die wind* en *Blouberg se strand,* wat gehore omtrent altyd saamsing.

Tweedens het Rauch styl en ‘n verhoogpersoonlikheid soos min.

En derdens skep sy ‘n verhoog vir liedjieskrywers en jong musikante.

Vir haar jongste album het sy ‘n paar jong sowel as gevestigde liedjieskrywers se nuwe materiaal opgeneem.

Tydens Beeld/Geraas en Janus Musiek se Vuurdoop-liedjiewedstryd was sy een van die beoordelaars in die kontemporêre afdeling. Sy het soveel gehou van finalis Marlise Scheepers, ‘n Puk-student, se liedjie *Hei, mevrou Brown* dat sy besluit het om dit op te neem en het dit ook die titellied van haar nuwe album gemaak.

Rauch het ook ‘n nuwe liedjie van Richard van der Westhuizen en Andrè Swiegers sowel as nuwe werk van van Lieze Beekman, Andrè Swiegers, Koos Kombuis, Vusi Mahlasela, Jeanette Cilliers, Wouter van de Venter, Sydney Carter en haar man, Christopher Torr, opgeneem.

Dié 12 liedjies het verskillende en soms uiteenlopende style, maar uiteindelik druk Rauch haar kenmerkende en unieke stempel daarop af.

Dit is moeilik om een spesifieke nommertjie uit te sonder, want as jy ‘n hele paar keer na die album luister, duik daar elke keer ‘n ander een op wat jou op sy besondere manier (of dit nou die melodie of die mooi lirieke is) tref.

Beekman se *‘n Sonneblom uit Bethlehem* het ‘n poëtiese liriek en is een van die mooiste liefdesballades (benewens Coenie de Villiers se *Hooglied*) wat ek in ‘n lang tyd gehoor het:

Nog ‘n somerson-Kersfees/ Want die Koningskind verjaar/ Ek skryf vir jou uit die noorde/ En sal die posduif vra/ Sal hy gaan draai in die suide/ By die berg en die see/ en daar waar my liefde kaalvoet loop/ die nota vir jou gee.

Dan die koor:

Ek bring vir jou ‘n sonneblom uit Bethlehem/ en gee dit water op Bloemfontein….

Swiegers se *Hoe draai die wind dan nou* (Swiegers het die treffende *Blou* geskryf waarvan Rauch ook ‘n treffer gemaak het) sowel as *Hoor hoe val die reën* (wat Richard van der Westhuizen saam met Swiegers geskryf het) is pragbydraes tot die album.

Hoor hoe val die reën is deur die perkussiespeler Jahn Beukes verwerk en Beukes se slagwerk word die uitgangspunt van die liedjie. Daarbenewens word Bruce Cassidy se electric valve instrument en Pops Mahomed se kora-spel hier as kragtige begeleiding gebruik om ‘n storm wat losbars, uit te beeld.

Sleep tight Margaret is ‘n meesleurende Afrika-slaapliedjie wat Vusi Mahlasela vir ‘n vriend se vrou tydens haar siekte voor haar dood geskryf het, en wat Rauch al lankal wou opneem.

My persoonlike gunsteling op die album (as ek dan wel een moet uitsonder) is Torr se *Kom laat ons sing*.

Eers het dit ‘n vrolike, regte Kaapse Klopse-styl wat jou hartlik laat saamsing. Dan het Torr dieselfde lirieke geneem en dit in ‘n mineur in ‘n stadige, hartseerballade omgeskep. (Die tema van die lied is die verganklikheid van die lewe en die liefde.)

Dan is daar nog die prettige, speelse *Beste vriende* (geskryf deur Van de Venter, wat ook in duet saam met Rauch gehoor word). Van de Venter sê hy het die liedjie juis met Rauch se stem in gedagte opgeneem.

Koos Kombuis se twee bydraes, *Waar ek ook al ry* en *Reispsalm*, is ook waardevolle toevoegings tot die Afrikaanse liedjieskat. Eersgenoemde het hy in opdrag van Rauch in Gordonsbaai geskryf en *Reispsalm*, ‘n nommertjie met ‘n Afrika-klank, handel oor ‘n verknogtheid aan die kontinent.

Jeanette Cilliers, wat die liedjie *Vanaand se maan* op Rauch se vorige album geskryf het, is nog ‘n talentvolle liedjieskrywer wat Rauch met haar vertolkings aan die luisteraar voorstel. Cilliers se bydrae op die album is die meesleurende *Onthou*. Tony Cox het die verwerking behartig.

Lord of the dance – ‘n Ierse dansliedjie geskryf deur Sidney Carter – loop al ‘n lang pad saam met Rauch. Rauch het Carter reeds in die vroeë tagtigerjare leer ken en wou dit toe reeds opgeneem het.

Hei, mevrou Brown (dit gaan goed) is nie net die weerspieëling van uitstaande talent nie, maar ook ‘n kwaliteitproduk en die resultaat van goeie spanwerk.

Beukes se kragtige perkussiewerk, Leon Ecroignard (bas,kontrabas, mondfluitjie, perkussie, fluit en berimbau), Vinnie Henrico (tromme), Cox (kitaar), Wessel van Rensburg (klavier), Brendan Ross (sopraansaxsofoon), Cassidy(EVI), Van de Venter (kitaar), Clinton Waring (klavier op Sleep tight Margaret), Ed Jordan (sintetiseerder) en Elizabeth Rennie (viola) is van die talentvolle musikante wat Rauch op die album ondersteun. En die produksie (die verwerkings en regie is meestal deur Beukes behartig) is van hoogstaande gehalte.

Die skitteralbum kry tien uit tien.

Select Musiek (SELBCD 389)